Tema: Onderwerp jou gewillig aan die owerheid wat God oor jou gestel het en van wie Hy ook verantwoording eis.

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Ps 146 - 2: 1,2,6
Ps 68 - 1: 3,15

Ontmoetingsdiens
Intreelied en votum: Ps 62 - 2: 5
Seën
Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, [5]en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.
Amen.
Loflied Ps 47 - 1: 1,4
Geloofsbelydenis uit NGB artikel 36.

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Romeine 13: 1 – 9
Sing Ps 94 - 2: 6,8,9
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: 1 Petrus 2: 13 – 14 - Bybel
Jeremia 22: 11 – 19
Jesaja 10: 1 - 2
Jesaja 14: 3 – 6
Daniel 2: 20 - 21
Sing Ps 99 - 2:1,2 (Geen Kleuterbediening vanmore)
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BNB (owerheid en verkiesing)
Sing Ps 98 - 2:1,3
Seën
Amenlied Sb. 13-2.

Waarom gaan jy op 3 Augustus in die plaaslike verkiesing stem of nie stem nie?

Die radiostasie RSG moedig luisteraars aan om te gaan stem en daardeur Nelson Mandela as die grootste ikoon ooit te vereer. OP TV nooi al die verskillende politieke partye jou uit om vir hulle stem en hulle het verskillende motiewe bv.:
stem vir jou kinders se toekoms of stem om vir Zuma en die ANC uit die kussings te lig, ens.

Hoekom gaan jy stem? Het jy al mooi oor jou dryfveer of motief gedink?
Voel jy dit is jou plig? Is dit maar die regte ding om te doen?
Stem jy vir jou kinders of nageslag?
Stem jy om die ANC uit die kussings te lig?
Stem jy omdat jy maar al die jare aan jou party lojaal bly?
Of stem jy ter wille van die Afrikaners se saak?

Ons teksverse openbaar dat God ŉ baie duidelike wil vir ons lewe het wanneer dit gaan oor ons verhouding met die regering, oor ons verantwoordelikhede as inwoners van ŉ land en die spesifieke plek, Potchefstroom, hier waar die Here ons geplaas het. Hierdie genoemde verantwoordelikhede staan direk verwant aan my en jou verhouding met die Here.

Met hierdie eerste preek in die kort reeks voor die verkiesing wil die Here vir ons sy wil as volg bekend maak: **Onderwerp jou gewillig aan die owerheid wat God oor jou gestel het en van wie Hy ook verantwoording eis.**

Vers 13 lees in die Grieks as volg:
"Onderwerp julle in alles aan menslike gesagsinstellings **ter wille van die Here".** Jy kan die "ter wille van" ook vertaal met "tot voordeel van" of "as gevolg van" die Here Jesus. **Want Jesus is die koning van die wêreld –** dit het ons gehoor in die seëngroet vanmore! God regeer in Christus oor alle menslike gesag en Hy regeer ons deur die regerings en staatsinstellings wat oor ons gestel word.

Brs en srs, ons weet mos dat God in beheer van konings en regering is, nie waar nie? Dit is Hy wat owerhede aanstel en hulle weer uit hulle plek verwyder. Dit is God wat tye en omstandighede bepaal waarin regerings kan regeer of uit die kussings gelig word. In hierdie waarheid lê daar vir ons as gelowiges mos baie troos in opgesluit. Met hierdie wete kyk ons verby die regering en politieke partye van vandag en ons kyk na God, want dit is Hy wat oor alles regeer.

God het die absolute mag en daarom gee Hy ook sekere verantwoordelikhede en magte aan die owerheid. R**om. 13: 4 sê baie**

duidelik dat die owerheid in diens van God staan en daarom is <u>elke staatspresident en regering in die eerste plek aan God verantwoording skuldig oor hoe hulle regeer.</u> In Spreuke 8:15 sê die Here "[15]Met my hulp regeer konings goed en laat maghebbers reg geskied".

Waaroor roep die Here dan vandag ons regering en plaaslike owerhede tot verantwoording wanneer ons voor 'n verkiesing staan?
Wat is dit wat God van regering en owerhede vereis?

1. Hulle moet regeer in **<u>erkenning dat hulle onder God se gesag staan</u>**. Dit moes die konings van Israel en ook Nebukadneser en Belsasar op baie harde manier leer. Regerings moet erken dat hulle by die genade van God regeer en Hom erken as die hoogste gesag. Ook die ANC regering en elke plaaslike regering wat deur watter party ook al beheer word. **God eis erkenning van sy heerskappy!.**

2. **Die owerheid en plaaslike regering moet sorg dat daar orde in die samelewing is en dat kwaaddoeners gestraf moet word.** Misdaad moet effektief bekamp word en owerheid moet sorg dat ons 'n veilige en rustige bestaan kan voer. **Die Here roep hulle tot verantwoording oor die slegte situasie in ons land! Die hoë misdaadsyfers en geweld wat hand oor hand toeneem!** Gewelddadige politieke optredes, moord , huisbrake en alles wat daarmee gepraat gaan. <u>Brs en srs, hieroor moet ons ook teenoor die owerhede ons getuienis laat hoor. Dit is hulle Goddelike opdrag om wet en orde te handhaaf en vir ons 'n veilige en rustige omgewing te skep.</u>

Brs en srs, die Here waarsku die konings van Israel dat indien hulle nie wet en orde handhaaf nie sal hy die land oorgee aan wetteloosheid, geweld en doodslag! Om hierdie rede moet ons hierdie saak ernstig opneem met die owerhede!

3. **Die Here gee aan die staat die reg om belastings te hef en met daardie geld te sorg vir die welsyn van die inwoners van die land**. Wanneer ons teksvers en Rom. 13 praat van die beloning <u>van "hulle wat goed doen</u>", dan gaan dit juis om voordele vir die burgers van die land te skep met dit wat die staat bied. Om 'n <u>maatskaplike en sosiale omgewing te</u> skep waarin mense kan gedy! **Hieroor moet elke owerheid rekenskap gee!**

4. **Hierteenoor, brs en srs, waarsku die Here die owerheid ernstig oor misbruik van belasting en teen korrupsie.** Ons het baie duidelik gehoor in Jes. 10 en Jer. 22! Die staatspresident en lede van die owerheid mag hulle nie self mag verryk en vergeet van die belange van die burgers van die land nie. Omkoopgeld en selfverryking met korrupte tenders en transaksies word ernstig deur die Here veroordeel. <u>Hieroor roep die Here ook owerhede vandag tot orde!</u>

5. **Die Here verwag van elke owerheid en van persoon in mag om betroubaar en nederig hulle taak getrou uitleef.** Dit lees ons baie duidelik in Amos 2: 4 en Jes. 13.

6. **Daarom verwag die Here ook dat die owerheid bereid moet wees om tereg gewys te word**. Dink aan koning Dawid wat deur Natan tot inkeer geroep word. Nebukadneser en Belsasar, konings van Babel wat deur God tot verantwoord geroep word. **Elke mens wat meen dat die magsposisie of owerheidspos wat hy of sy beklee plaas hulle bo die wet en bo teregwysing word vandag deur die Here tot orde geroep!** Leef self binne die grense van wat God as reg en verkeerd beskou! Niemand is bo God se reg verhef nie!

7. **Laastens verwag die Here van die owerheid om alle mense regverdig, genadig en simpatiek te behandel.** ’n Regering wat mense onregverdig behandel, met brute geweld onderdruk en geen genade betoon nie, moet ook nie van God genade verwag nie! Dit het die konings en die volk Israel geleer met die verskriklike dure les van die Ballingskap!

Geliefdes, so roep God roep die ANC, die DA en elke ander party wat in beheer is van ’n stadsraad oor hierdie sake tot verantwoording. Dit is oor hierdie sake dat elkeen wat gaan stem, sy/haar gewete voor God toets! Is dit waarvoor ek gaan stem?

Maar, brs en srs, die Here roep in die tweede plek ook vir my en jou vanmore tot verantwoording! Die Here roep ons tot verantwoording oor ons gesindheid en optrede teenoor die owerheid en plaaslike regering! Die Here verwag van ons om ons in alles aan die owerheid te onderwerp! Selfs al stem ek nie saam met wat gebeur nie, moet ek steeds die gesag van die owerheid erken en die wette gehoorsaam. **Rom. 13: 2 sê duidelik: “[2]Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry.”**

Want dit is God wat my deur die owerheid regeer! Ek buig dus onder die gesag van God! Ek moet pres Zuma en sy regering se gesag oor my aanvaar en my aan die wette van die owerheid onderwerp!

Is dit maklik om te doen? Nee! Nie oor iets wat die regering doen of wie hulle is nie! Dit lê in onsself! Een van die **oorsake van die sondeval** van Adam en Eva was juis dat hulle teen God se gesag in opstand gekom het! **Om teen alle vorme van gesag te wees is deel van ons sondige natuur!** Ons sien dit in ’n tweejarige babatjie en ons sien dit by wettelose mense wat alle gesag omverwerp!

Maar, br en sr, ons is anders as die wettelose sondige mense! Ons teksvers sê: “Onderwerp julle in alles aan menslike gesagsinstellings “**ter wille van die Here”. Ter wille van die Here Jesus! Dit gaan hieroor oor Jesus! Hy het ons in staat kom stel om ons onder gesag te onderwerp! Hy het Homself onder die gesag van God gestel en mens geword! En hier as mens onder die regering van ’n goddelose Romeinse keiser het Hy homself aan die goddelose plaaslike regering van Jerusalem, Pilatus, onderwerp deur Homself ter dood laat veroordeel en so vir ons sonde te sterf en aan ons ‘n nuwe en ander gees te gee! ‘n Gees wat nou gewillig kan buig!**

In Johannes 19: 11 sê Jesus vir Pilatus “U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie.” En Hy buig onder daardie gesag om aan die hand van Pilatus en die opstandige Jode te sterf!

En nou br. en sr, ter wille van die Here Jesus wat die straf van ons sonde gedra het en met sy opstanding vir ons ’n nuwe lewe gegee het, kan ons en moet ons – soos Hy – ons aan die owerhede onderwerp!

Dit beteken nie dat jy moet saamstem met alles nie! Nee, jy moet ook jou getuienis wat in die oë van God reg is, laat hoor! Dit beteken nie dat ons ons mag beywer dat daar ‘n beter owerheid in beheer kom nie. **Maar in alles – moet jy jou aan die owerheid onderwerp!** Al is dit vir jou ook hoe moeilik om reëls en regulasies en belastings en tolgeld en alles te betaal wat betaal moet word! **Ons doen dit ter wille van Jesus!**

Want Hy is ons Koning! Hy regeer oor ons en Hy het ons deur die Heilige Gees ‘n nuwe gees en gesindheid gegee waarmee ons nou leef! **Nou leef ons nie om teen gesag in opstand te kom nie, maar met die vrug van die Gees in ons van nederigheid, gehoorsaamheid en onderwerping**.

Ter wille van Jesus! Hy is ons Koning en ons wil Hom gehoorsaam!
Dit is waartoe God jou en my ook vandag oproep! Hieroor moet ons ons ook voor die Here verantwoord en opnuut voor Hom buig!

Waarom gaan jy stem op 3 Aug.?
Die Here sê vir jou vanmore: Onderwerp jou gewillig aan die owerheid wat God oor jou gestel het en van wie Hy ook verantwoording eis.

Mag hierdie boodskap van God jou denke en motiewe lei as jy oor die verkiesing van 3 Aug dink en redeneer en optree!

Amen